leoni@savryskutskrywer.co.za

From: Tenita Kidelo <TKidelo@penguinrandomhouse.co.za>
Sent: Thursday, 31 October 2024 12:20
To: leoni@savryskutskrywer.co.za
Subject: LAPA JEUGROMANKOMPETISIE 2025

Follow Up Flag: Follow up
Flag Status: Flagged

LAPA JEUGROMANKOMPETISIE 2025

Stories is oral – skryf nou!

Prysgeld ter waarde van R60 000 is op die spel.

Sluitingsdatum: 30 November 2025

Wat moet jy doen om jou naam in dieselfde asem as Marita van der Vyver, Fanie Viljoen, Jan Vermeulen en Nanette van Rooyen genoem te kry? Jy moet daai storie wat al só lank in jou kop broei, nou dadelik begin skryf - net dálk is jy die volgende wenner van LAPA se befaamde Jeugromankompetisie.

Indien jy wonder of jy genoeg tyd het om ‘n goeie storie iewers te gaan uitsnuffel en neer te pen, moenie bekommer nie. Jy het meer as ‘n jaar tyd om seker te maak jy kom in aanmerking vir een van die fantastiese pryse ter waarde van R60 000. Die algehele wenner ontvang R30 000 vir die wenboek en die twee naaswenners ontvang elk R15 000. Selfs skrywers wat nie in die topdrie eindig nie, staan steeds ’n kans om gepubliseer te word.

LAPA nooi graag alle skrywers en voornemende skrywers uit om al daai wonderlike stories wat die wêreld vol lê, op te raap, neer te skryf en met ons en ons lesers te deel.

Inskrywings sluit 30 November 2025. Besoek www.lapa.co.za vir meer inligting. Maak seker jy bestudeer die kompetisiereëls goed.

Kompetisiereëls

- Die verhaal moet in Afrikaans geskryf wees en gemik wees op lesers tussen 11 en 18 jaar oud. Om die proses vir jouself te vergemaklik kan jy gerus die volgende riglyne volg om die verhaal te struktureer:

    - Jeugromans vir jonger tieners (11-13 jaar). Manuskripte vir hierdie ouderdomsgroep is tussen 25 000 en 30 000 woorde lank. Voorbeelde is die Thomas@-reeks deur Carina Diedericks-Hugo, *’n Goeie dag vir boomklim* deur Jaco Jacobs en *Die verdwyning van Seamus Smit deur Seamus Smit* deur Nerine Ahlers.

- Tienerfiksie (13-15 jaar). Manuskripte vir hierdie ouderdomsgroep is tussen 30 000 en 45 000 woorde lank. Voorbeelde is *Z-A-K: Die Blou Planeet* deur Theresa van Baalen, *As mens geluk kon proe* deur Zelda Bezuidenhout en *Dit het alles begin by 'n hond* deur Annelie Ferreira.
- Jongvolwassenefiksie (15-18 jaar). Manuskripte vir hierdie ouderdomsgroep is tussen 45 000 en 70 000 woorde lank. Voorbeelde is *Offers vir die vlieë* deur Fanie Viljoen, *Oopmond* deur Jan Vermeulen en *Uitverkies* deur Noreen Nolte.

- Die beoordelingsproses vind as volg plaas:
  - Wanneer die kompetisie gesluit is, word 'n kortlys van manuskripte saamgestel.
  - Beoordelaars sal 'n wenmanuskrip en twee naaswenners aankondig. Die algehele wenner sal die prysgeld van R30 000 wen. Alle inskrywings moet die deelnemer se oorspronklike, ongepubliseerde werk wees.
- Deelnemers gee aan LAPA die eerste opsie om enige van die inskrywings te publiseer. Geen ingeskrewe verhaal mag elders voorgelê word of wees vir moontlike publikasie nie. LAPA sal ná afloop van die kompetisie skriftelik met alle deelnemers in verbinding tree om te bevestig of hul verhale gepubliseer word al dan nie.
- Die prysgeld is as volg:
  - Prys vir merkwaardige jeugverhaal: R30 000
  - Naaswenner: R15 000
  - Naaswenner: R15 000
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. Indien die gehalte van die inskrywings nie na die beoordelaars en LAPA Uitgewers se mening voldoende is nie, word die reg voorbehou om geen pryse toe te ken nie.
- Die volgende inligting moet op die heel eerste bladsy van die voorlegging verskyn en enige inskrywing kan gediskwalifiseer word indien dit nie daarop verskyn nie:
  - Die skrywer se naam en van
  - Titel van die manuskrip
  - Lengte (aantal woorde) van manuskrip
  - E-posadres
  - Telefoonnommer
- Indien daar onder 'n skuilnaam geskryf word, moet die skrywer se volle naam en van ook op die heel eerste bladsy van die manuskrip aangebring word.
- Die deelnemer se naam, of skuilnaam, moet op die eerste bladsy verskyn, **maar dit mag nêrens elders op die manuskrip verskyn nie**. Sou dit iewers anders verskyn, kan die manuskrip summier gediskwalifiseer word.
- Inskrywings moet op genommerde A4-bladsye getik wees, slegs aan een kant van die bladsy, in dubbelspasiëring en in 'n maklik leesbare lettertipe (soos Arial of Times New Roman).
- Die sluitingsdatum vir inskrywings is **30 November 2025**. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
- Wenners sal **op die laaste in April 2026** bekendgemaak word.
- Werknemers van Penguin Random House Suid-Afrika en LAPA Uitgewers mag nie deelneem nie.
- LAPA Uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid vir verlore manuskripte nie. Dit is altyd raadsaam om 'n afskrif van 'n manuskrip te hou.
- Deur in te skryf onderneem jy dat jy al die reëls gelees en aanvaar het.
- Inskrywings kan op die volgende manier voorgelê word:

  Stuur dit aan lapacompetitions@penguinrandomhouse.co.za met JEUGROMANKOMPETISIE en jou manuskrip se naam as onderwerp.

Tenita Kidelo
Marketing & Publicity Assistant | Marketing
TEL +27 (021) 460 5400 (Direct: 460 5466) o **EMAIL** TKidelo@penguinrandomhouse.co.za
The Estuaries No 4, Oxbow Crescent, Century Avenue, Century City, 7441
PO Box 1144, Cape Town, South Africa, 8000 o **www.penguinrandomhouse.co.za**

This email may contain information which is confidential. If you have received it in error, please notify the sender immediately and then delete it. Please do not copy it, disclose its contents or use it for any purpose.